"Regsaanspreeklikheid en die Boer"

VELDBRANDE

Deel 1 : Inleiding

Groot dele van ons land word jaarliks geteister deur weghol veldbrande. Massiewe skade word aangerig en veral boere word geaffekteer. Talle hofsake is al gevoer as gevolg van skade veroorsaak deur veldbrande. Goeie buurmanskap is ook al as gevolg hiervan vertroebel.

Die ontstaan en verspreiding van baie veldbrande kon verhoed gewees het. Baie weghol veldbrande ontstaan trouens deurdat beheerde brande buite beheer raak of nie behoorlik geblus word nie. Vuur is inherent gevaarlik en 'n grondeienaar wat brandaktiwiteite op sy plaas uitvoer moet in gedagte hou dat daar 'n swaar verpligting op hom rus om te verseker dat omliggende grondeienaars nie skade ly as gevolg daarvan nie.

In die saak, **Van Wyk v Hermanus Munisipaliteit 1963(4) SA 285(KPA)**, het die Hooggeregshof by monde van Regter C J Watermeyer, beklemtoon dat daar 'n swaar verpligting rus op 'n persoon om te verhoed dat 'n vuur, wat hyself aangesteek het, versprei. Wanneer 'n persoon 'n gevaarlike taak onderneem, soos om 'n vuur aan te steek, is hy nalatig tensy hy oor die nodige kundigheid en toerusting beskik om dit te beheer.

Dertig jaar later het die Appèlhof in die saak, **Simonstad Munisipaliteit v Dews en 'n ander 1993(1) SA 191 (A)**, by monde van oud-Hoofregter M M Corbett, gewaarsku dat enigiemand wat 'n vuur in die oop veld aansteek verplig is om alle redelike

voorsorgmaatreëls te tref ten einde dit te beheer en te verhoed dat dit versprei verder as wat beplan is. Weens die inherent gevaarlike aard van vuur, word 'n hoë standaard van sorg en versigtigheid gestel en die persoon betrokke moet beskik oor die nodige kundigheid en toerusting om die vuur te beheer. Veral wind is 'n gevaar wanneer veld gebrand word omrede dit kan veroorsaak dat 'n brand maklik en vinnig versprei en buite beheer raak. Enige redelike persoon moet hiervan bewus wees, veral persone belas met die taak om die verspreiding van veldbrande te voorkom, onder andere, deur brandstroke te brand.

Dit is geen wonder nie dat die Wetgewer dit nodig geag het om 'n Wet uit te vaardig wat ten doel het om veld-, bos- en bergbrande dwarsdeur Suid-Afrika te voorkom en te bestry nie. Hierdie Wet staan bekend as die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, No 101 van 1998. Ons gaan poog om in 'n reeks artikels grondeienaars in te lig omtrent die belangrikste bepalings van hierdie Wet en sekere ander regsaspekte ten aansien van veldbrande. Deur middel van hierdie reeks artikels gaan ons poog om antwoorde te verskaf op onder andere die volgende algemene vrae :

- Wat is die doel van die Wet?
- Wie is almal "eienaars" in terme van die Wet?
- Wat is 'n brandbeskermingsvereniging?
- Is lidmaatskap van 'n brandbeskermingsvereniging verpligtend?
- Wat is die pligte van 'n brandbeskermingsvereniging?
- In welke areas kan brandbeskermingsverenigings ontstaan of gestig word?
- Wie staan in beheer van 'n brandbeskermingsvereniging?
- Wat is die voordele daaraan verbonde om aan 'n brandbeskermingsvereniging te behoort?
- Wie moet 'n brandstrook maak?

- Hoe moet 'n brandstrook lyk?
- Waar moet 'n brandstrook gemaak word?
- Wat van omgewingsbewaring en brandstroke?
- Kan 'n eienaar vrygestel word van die verpligting om brandstroke te maak?
- Wat se toerusting moet eienaars hê om brande te bestry?
- Moet alle eienaars toerusting hê vir brandbestryding?
- Wat word bedoel met "beskermende klere" waarna in die Wet verwys word?
- Moet 'n grondeienaar 'n sekere aantal werkers stuur om 'n brand te bestry?
- Wat moet jy doen as 'n brand ontdek word wat gevaar kan inhou?
- As daar 'n brand is, kan jy private grond betree?
- Wat sê die Wet oor die aansteek van vure?
- Kan strafregtelike vervolging voortspruit uit die oortreding of nie-nakoming van 'n bepaling van die Wet?
- Wat beteken die vermoede van nalatigheid geskep deur Artikel 34 van die Wet?

Die Wet bestaan uit 38 artikels en is opgedeel in 9 hoofstukke. Die Wet handel met brandbeskermingsverenigings (Hoofstuk 2), die brandgevaaraanslag (Hoofstuk 3), die voorkoming van veldbrande deur brandstroke (Hoofstuk 4) en brandbestryding (Hoofstuk 5). Die Wet omskryf ook sekere misdrywe en die strawwe daaraan verbonde (Hoofstuk 7). Hoofstuk 6 handel met die administrasie van die Wet, Hoofstuk 8 met die afdwinging van die Wet en Hoofstuk 9 bevat algemene en oorgangsbepalings.

Met die uitsondering van Hoofstuk 2, Hoofstuk 3 en Artikels 12 en 13

(wat deel vorm van Hoofstuk 4) het die Wet in werking getree op 1 April 1999. Hoofstuk 2 het in werking getree op 1 Augustus 2003, Artikels 12 en 13 op 2 Julie 1999, terwyl Hoofstuk 3 tot op datum nog nie gepromulgeer is nie. Ons handel nie in hierdie reeks artikels met die bepalings van Hoofstuk 3 (brandgevaaraanslag) nie.

Die Wet is nie net van toepassing op die eienaars van grond nie, maar, aldus die woordomskrywing van "eienaar" in Artikel 1 van die Wet, ook op :

- 'n huurder of ander persoon wat grond beheer ingevolge 'n kontrak, testamentêre dokument, wet of bevel van 'n Hoë Hof;
- die uitvoerende liggaam van die gemeenskap in die geval van grond wat deur 'n gemeenskap beheer word;
- die hoof-uitvoerende beampte van die plaaslike owerheid.

Die doel van die Wet is, soos reeds gemeld, om veld-, bos- en bergbrande dwarsdeur die Republiek te voorkom en te bestry. Hierdie doel moet deurgaans in gedagte gehou word wanneer enige bepaling van die Wet geïnterpreteer word.

In die volgende artikel handel ons met hoofstuk 2 van die Wet, naamlik brandbeskermingsverenigings.

Outeurs : Christo Potgieter, Direkteur, Honey Prokureurs, Kaapstad.
John Smit, Senior Regsadviseur, Mutual & Federal Versekeringsmaatskappy, Kaapstad.

(Hierdie artikel het ten doel om inligting te verskaf en nie regsadvies nie. Vir regsadvies, kontak u regsadviseur)

"Regsaanspreeklikheid en die Boer"

VELDBRANDE

Deel 2 : Brandbeskermingsverenigings

In hierdie tweede aflewering in ons reeks artikels oor veldbrande handel ons met brandbeskermingsverenigings.

Hoofstuk 2 van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 101 van 1998, handel oor die instelling, registrasie, pligte en werking van brandbeskermingsverenigings. Hierdie verenigings moet alle aspekte van die voorkoming van veldbrande en brandbestryding hanteer. Die aanstelling en pligte van 'n brandbeskermingsbeampte word ook in hierdie hoofstuk gereguleer.

In hierdie hoofstuk word bepaal dat eienaars 'n vereniging kan vorm met die doel om veldbrande te voorspel, te voorkom, te bestuur en te blus. So 'n vereniging kan op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om die registrasie daarvan as 'n brandbeskermingsvereniging. 'n Brandbeskermingsvereniging kan gevorm word ten opsigte van 'n gebied wat –

- gereeld veldbrande ondervind
- 'n betreklik eenvormige risiko van veldbrande het
- betreklik eenvormige klimaatstoestande het
- betreklik eenvormige tipes bosse of plantegroei het.

Onderworpe aan twee voorwaardes moet die Minister (van Waterwese en Bosbou) die vereniging registreer en 'n registrasiesertifikaat uitreik. Die twee voorwaardes is naamlik dat -

- die Minister tevrede moet wees dat die aansoeker in staat is om die pligte te verrig wat die Wet aan 'n brandbeskermings-vereniging oplê.
- die Minister tevrede moet wees dat die aansoeker verteenwoordigend van grondeienaars in die gebied is.

Net een brandbeskermingsvereniging mag ten opsigte van 'n gebied geregistreer word. Alle eienaars in 'n gebied waarvoor 'n brandbeskermingsvereniging gevorm is, het egter die **reg** om by die vereniging aan te sluit, mits hulle onderneem om by sy konstitusie en reëls te hou. Waar 'n brandbeskermingsvereniging geregistreer is in 'n gebied wat in die geheel of gedeeltelik deur 'n munisipaliteit beheer word en sodanige munisipaliteit beskik oor 'n brandweerdiens, **moet** die munisipaliteit lid van die brandbeskermingsvereniging word. Ook die eienaar van staatsgrond **moet** aansluit by enige brandbeskermingsvereniging wat in die gebied geregistreer is en waarin die grond geleë is.

Behalwe vir 'n munisipaliteit wat oor 'n brandweerdiens beskik en die eienaar van staatsgrond, is lidmaatskap van 'n brandbeskermings-vereniging derhalwe nie verpligtend nie, maar **vrywillig**. Lidmaatskap van 'n brandbeskermingsvereniging mag 'n eienaar egter nie geweier word nie, tensy hy nie bereid is om hom by die vereniging se konstitusie en reëls te hou nie.

'n Brandbeskermingsvereniging het sekere pligte en die belangrikste hiervan is die volgende -

- Dit moet 'n veldbrandbestuurstrategie vir sy gebied ontwikkel en toepas.
- Dit moet reëls maak wat sy lede bind.

- Dit moet die ekologiese toestande identifiseer wat die brandgevaar beïnvloed.
- Dit moet sy lede inlig omtrent die brandgevaaraanslag.
- Dit moet sy lede organiseer en oplei in die bestryding, bestuur en voorkoming van brande.
- Dit moet sy lede inlig oor beskikbare toerusting en tegnologie vir die voorkoming en bestryding van veldbrande.
- Dit moet die Minister ten minste elke 12 maande voorsien van statistieke oor veldbrande in sy gebied.
- Dit moet enige inligting wat die Minister aanvra verskaf ten einde die brandgevaaraanslagstelsel op te stel of in stand te hou.
- Dit moet 'n brandbeskermingsbeampte aanstel.

Wat betref die reëls wat deur die brandbeskermingsvereniging gemaak moet word, moet die reëls onder andere voorsiening maak vir die minimum standaarde wat deur lede gehandhaaf moet word met betrekking tot die voorkoming van veldbrande en die gereedheid vir brandbestryding.

Soos reeds gemeld, is dit een van die pligte van 'n brandbeskermingsvereniging om 'n brandbeskermingsbeampte aan te stel. Die pligte van die brandbeskermingsbeampte is onder andere :

- Hy funksioneer as hoof uitvoerende beampte van die brandbeskermingsvereniging.
- Hy moet die take uitvoer wat deur die brandbeskermingsvereniging aan hom opgedra word.
- Hy moet beheer oorneem van enige brandbestryding in die gebied indien die veldbrand 'n bedreiging vir lewe of eiendom is en hy kan enige persoon wat nie jonger as 16 jaar en ouer as 60 jaar is nie beveel om hom by te staan.

- Hy moet die reëls van die vereniging afdwing.
- Hy moet die nakoming van die Wet monitor en daaroor verslag doen aan die vereniging en die Minister.
- Hy moet die lede van die brandbeskermingsvereniging oplei :
    - in die wetsbepalings rakende die voorkoming, bestuur en beheer van veldbrande;
    - in die reëls van die brandbeskermingsvereniging; en
    - om veldbrande te voorkom en te bestry.
- Hy moet die lede se grond inspekteer om te verseker dat hulle hul pligte ingevolge die Wet en die reëls van die brandbeskermingsvereniging nakom.

Indien 'n munisipaliteit wat oor 'n brandweerdiens beskik 'n lid is van 'n brandbeskermingsvereniging, is die hoofbrandweerbeampte van die munisipaliteit outomaties die brandbeskermingsbeampte tensy hy die betrekking van die hand wys.

'n Brandbeskermingsbeampte het die reg om die grond van 'n lid van die brandbeskermingsvereniging te betree ten einde die grond te inspekteer om te verseker dat die lid sy pligte ingevolge die Wet en die reëls van die vereniging nakom.

'n Brandbeskermingsbeampte moet aansoek doen by die Direkteur-generaal (van Waterwese en Bosbou) vir registrasie as brandbeskermingsbeampte en die Direkteur-generaal moet 'n brandbeskermingsbeampte registreer as hy oortuig is dat die persoon in staat sal wees om die Wet op 'n verantwoordelike wyse af te dwing.
Die Minister kan finansiële en ander bystand verleen aan 'n brandbeskermingsvereniging vir enige van sy aktiwiteite en ook aan 'n eienaar wie se grond strek tot teen die grens van die Republiek en hy

om daardie rede meer uitgawes as normaalweg moet aangaan om 'n brandstrook te maak op sy grens.

Ten slotte word dit in hierdie hoofstuk bepaal dat die Minister 'n brand-beskermingsvereniging kan deregistreer en sy sertifikaat intrek indien die vereniging na die mening van die Minister opgehou het om te funksioneer of ondoeltreffend geword het.

Daar is vir 'n eienaar bepaalde voordele om 'n lid te wees van 'n brandbeskermingsvereniging. Die belangrikste hiervan is –

- geen vermoede van nalatigheid sal geld in die geval van 'n siviele eis vir skade waar 'n brand vanaf die lid se grond versprei en skade of verliese aan die eiendom of grond van 'n ander persoon aanrig nie. (Sien Artikel 34 van die Wet waarmee ons in 'n latere aflewering handel).
- verbeterde samewerking en kommunikasie in die voorkoming en bestryding van veldbrande deur die vereniging, binne die raamwerk van 'n ooreengekome veldbrandbestuurstrategie.
- moontlike kwytskelding van sekere voorsorgmaatreëls soos die voorbereiding van brandstroke. (Sien Artikel 15 van die Wet waarmee ons in die volgende aflewering handel).
- die vereniging kan reëls maak om by die persoonlike omstandighede van sy lede aan te pas.

In die volgende artikel handel ons met hoofstuk 4 van die Wet, naamlik die voorkoming van brande deur brandstroke.

Outeurs : Christo Potgieter, Direkteur, Honey Prokureurs, Kaapstad.
John Smit, Senior Regsadviseur, Mutual & Federal Versekeringsmaatskappy, Kaapstad.

(Hierdie artikel het ten doel om inligting te verskaf en nie regsadvies nie. Vir regsadvies, kontak u regsadviseur)

"Regsaanspreeklikheid en die Boer"

VELDBRANDE

Deel 3 : Brandstroke

In hierdie derde aflewering in ons reeks artikels oor veldbrande handel ons met die voorkoming van veldbrande deur brandstroke.

Hoofstuk 4 van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 101 van 1998, bepaal dat elke eienaar op wie se grond 'n veldbrand kan ontstaan of van wie se grond dit kan versprei, 'n brandstrook moet maak en in stand hou aan sy kant van die grens tussen sy grond en enige aangrensende grond. Dit is belangrik om in hierdie verband die Wet se omskrywing van "eienaar" in gedagte te hou - sien die eerste artikel in hierdie reeks van artikels.

Iemand wat versuim om aan hierdie bepaling te voldoen is skuldig aan 'n misdryf en kan by skuldigbevinding gevonnis word tot 'n boete of gevangenisstraf van 1 jaar of tot 'n boete en gevangenisstraf.

Die Wet bepaal dat indien 'n eienaar van voorneme is om 'n brandstrook te maak deur te brand, moet hy 'n onderling aanvaarbare datum met die eienaars van aangrensende grond reël en die brandbeskermingsvereniging vir die gebied daarvan in kennis stel.

As 'n ooreenkoms nie bereik kan word nie, moet die eienaar aan die eienaars van aangrensende grond en die brandbeskermingsvereniging ten minste 14 dae skriftelike kennis gee van die datum waarop hy beoog om brandstroke te brand. 'n Eienaar van aanliggende grond met wie 'n dag ooreengekom is of wat 'n kennisgewing ontvang moet sy brandstrook op die grens op dieselfde dag brand, of hy moet

teenwoordig wees by die brand en moet verseker dat 'n voldoende aantal persone teenwoordig is aan sy kant van die grens om te voorkom dat die vuur versprei wanneer die brandstrook gebrand word.

'n Eienaar mag nie 'n brandstrook brand indien die brandbeskermingsvereniging teen die voorgestelde brand beswaar maak of 'n waarskuwing gepubliseer is dat die brandgevaar van die streek hoog is of die toestande nie bevorderlik vir die brand van brandstroke is nie.

Indien 'n eienaar van voorneme is om vir 'n tydperk van langer as 14 dae afwesig te wees gedurende die periode wanneer daar normaalweg gebrand word, moet hy al die eienaars van aangrensende grond voorsien van 'n adres en telefoonnommer waar daar met hom kontak gemaak kan word.

Indien 'n eienaar van aangrensende grond nie teenwoordig is op die datum waarop daar ooreengekom is of waarvan kennis aan hom gegee is nie, of nie 'n adres en telefoonnommer voorsien het nie, mag daar voortgegaan word om in sy afwesigheid te brand.

Eienaars van aangrensende grond kan daartoe instem om 'n gemeenskaplike brandstrook weg van die grens tussen hulle eiendomme te maak. 'n Brandbeskermingsvereniging kan ook reëls maak wat verskil van sekere reëls soos voorgeskryf deur die Wet op voorwaarde dat die nuwe reëls deur die Minister goedgekeur is. Die lede van die brandbeskermingsvereniging word dan gebind deur die nuwe reëls en word vrygestel van die betrokke reëls soos deur die Wet voorgeskryf.

Drie vereistes word vir brandstroke voorgeskryf. Dit moet, met behoorlike inagneming van die weer, klimaat, terrein en plantegroei van die gebied :

- Breed genoeg en lank genoeg wees om 'n redelike kans te hê om te voorkom dat 'n veldbrand na of van naburige grond versprei;
- Dit moet nie gronderosie veroorsaak nie.
- Dit moet redelik vry wees van brandbare materiaal wat 'n veldbrand oor die brandstrook kan laat beweeg.

'n Eienaar wie se grond aan 'n risiko van veldbrand onderworpe is en waarvan enige deel van sy grond saamval met die grens van die Republiek moet 'n brandstrook op sy grond so na moontlik aan daardie grens maak en in stand hou.

Slegs die Minister kan enige eienaar of groep eienaars om goeie redes vrystel van die plig om 'n brandstrook of brandstroke te maak en in stand te hou. Die vrystelling kan aan voorwaardes onderworpe wees en die Minister moet die brandbeskermingsvereniging van die gebied raadpleeg alvorens hy enige vrystelling verleen.

Die reg of plig om 'n brandstrook te maak en in stand te hou ingevolge die Wet geniet voorrang bo enige verbod soos vervat in enige ander Wet wat betref die afkap, versteuring, beskadiging, vernietiging of verwydering van enige plant of boom, behalwe dat die eienaar –

- waar moontlik, enige plant wat ingevolge enige Wet beskerm word, moet oorplant; of
- waar dit veilig en doenlik is om dit te doen, die brandstrook so moet plaas dat sodanige plant of boom vermy word.

Kommentaar:

In siviele hofverrigtinge beteken die feit dat 'n eienaar nalaat om 'n brandstrook te maak nie sonder meer dat hy aanspreeklik is indien 'n brand van sy grond versprei na aanliggende eiendom en skade veroorsaak nie. 'n Kousale verband tussen die versuim om 'n brandstrook te maak en die aanliggende eienaar se skade moet steeds bewys word. Dit beteken dat dit steeds bewys sal moet word dat, indien 'n brandstrook in plek was, die brand nie sou versprei het nie. Dit is algemeen bekend dat in winderige toestande 'n brand oor selfs 'n breë brandstrook kan "spring". Dit word algemeen deur branddeskundiges aanvaar dat 'n brandstrook dikwels slegs 'n geleentheid bied om 'n brand te bestry en weinig bydra om die verspreiding van 'n brand te voorkom.

'n Brandstrook hoef natuurlik nie slegs gemaak te word deur te brand nie, maar kan ook op ander wyses gemaak word, byvoorbeeld ploeg, ghrop, sny van gras, chemiese middels, ensovoorts. Indien 'n eienaar egter besluit om brandstroke te maak deur te brand, moet die inherente gevaar van vuur deurentyd in gedagte gehou word.

In die saak, **Dews en 'n ander v Simonstad Munisipaliteit 1991(4) SA 479 (KPA)**, het Regter J G Foxcroft gemeld dat dit algemeen aanvaar word dat die gevaar van vuur so vanselfsprekend is dat dit uiterste versigtigheid verg van diegene wat daarby betrokke is. Dit is algemeen bekend dat persone betrokke by die brand van brandstroke, sodanige voorsorgmaatreëls moet tref dat die risiko dat die vuur buite beheer raak uitgeskakel of tot die absolute minimum beperk word.

In die volgende aflewering handel ons met hoofstuk 5 van die Wet, naamlik brandbestryding.

Outeurs : Christo Potgieter, Direkteur, Honey Prokureurs, Kaapstad.
John Smit, Senior Regsadviseur, Mutual & Federal Versekeringsmaatskappy, Kaapstad.

(Hierdie artikel het ten doel om inligting te verskaf en nie regsadvies nie. Vir regsadvies, kontak u regsadviseur)

"Regsaanspreeklikheid en die Boer"

VELDBRANDE

Deel 4 : Brandbestryding

In hierdie vierde aflewering in ons reeks artikels oor veldbrande handel ons met brandbestryding.

Hoofstuk 5 van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 101 van 1998, handel oor brandbestryding. Dit omvat die gereedheid om brande te bestry, asook die optrede om brande te bestry.

Artikel 17 bepaal dat elke eienaar op wie se grond 'n veldbrand kan ontstaan of brand of van wie se grond dit kan versprei, moet -

1. sodanige toerusting, beskermende klere en opgeleide personeel vir die blus van brande hê as wat –
- voorgeskryf word; of
- by gebrek aan voorgeskrewe vereistes, redelikerwys in die omstandighede nodig is;
2. moet verseker dat daar in sy afwesigheid verantwoordelike persone op of naby sy grond aanwesig is wat in die geval van 'n brand -
- die brand sal blus of sal help om dit te doen; en
- alle redelike stappe sal doen om die eienaars van aangrensende grond en die betrokke brandbeskermingsvereniging, as daar een is, in kennis te stel.

Dit word voorts bepaal dat 'n eienaar 'n agent kan aanstel om alles te doen wat hy ingevolge hierdie artikel moet doen.

Tans bestaan daar geen voorskrifte wat betref 'n eienaar se verpligting om brandbestrydingstoerusting, beskermende klere en opgeleide personeel vir die blus van brande te hê nie. Hopelik sal daar binne die afsienbare toekoms voorskrifte by wyse van regulasies uitgevaardig word. Tot tyd en wyl word dit bepaal dat 'n eienaar sodanige toerusting, besekermende klere en opgeleide personeel vir die blus van brande moet hê as wat redelikerwys in die omstandighede nodig is. Die vraag wat onmiddellik ontstaan is wat word bedoel met "redelikerwys in die omstandighede nodig is". Dit word aan die hand gedoen dat elke eienaar sal moet let op die spesifieke omstandighede op sy eie grond, dié van sy bure, asook plaaslike toestande in die algemeen. Wat "redelik" is vir een eienaar, mag nie "redelik" wees vir die volgende eienaar nie. Algemene brandbestrydingstoerusting (soos brandslaansakke, vuurplakke, 'n sleepwaentjie met 'n watertenk wat agter 'n trekker of bakkie gehaak kan word, 'n klein kragbron met 'n pomp wat kan water spuit, ensovoorts) mag in sommige gevalle voldoende wees, maar in ander gevalle nie.

Wat betref "beskermende klere" kan dit seker nie redelikerwys verwag word van elke boer om volle brandweeruitrusting te hê nie, maar, van sekere boere mag dit wel verwag word om sodanige uitrusting te hê. Elke grondeienaar se eie omstandighede, dié van sy bure en plaaslike omstandighede sal bepalend wees by beoordeling van welke "beskermende klere" redelikerwys nodig is. Dalk kan redelike beskermende klere bestaan uit skoene of stewels, handskoene, oorbaadjies, plastiekhelms en nywerheidsneusfilters.

Artikel 18(1) bepaal dat enige **eienaar** wat rede het om te glo dat 'n brand op sy grond of die grond van 'n aangrensende eienaar, lewe, eiendom of die omgewing in die gevaar kan stel, onmiddellik –

1. alle redelike stappe moet doen om kennis te gee aan –
- die brandbeskermingsbeampte of, as dit nie moontlik is nie, enige lid van die uitvoerende komitee van die brandbeskermingsvereniging, as daar een is vir die gebied; en
- die eienaars van aangrensende grond; en

2. alles in sy vermoë moet doen om te verhoed dat die brand versprei.

Artikel 18(2) bepaal dat enige **persoon** wat rede het om te glo dat 'n brand op enige grond lewe, eiendom of die omgewing in die gevaar kan stel, tesame met enige ander persoon onder sy beheer daardie grond of grond waarheen die brand kan versprei kan betree ten einde te verhinder dat die brand versprei of om dit te blus.

Ons het reeds vantevore (in Deel 2 van hierdie reeks) toe ons gehandel het met brandbeskermingsverenigings, gemeld dat dit een van die pligte van 'n brandbeskermingsbeampte is om beheer oor te neem van enige brandbestryding in die gebied indien die veldbrand 'n bedreiging vir lewe of eiendom is. Artikel 18(3) bepaal dat, wanneer 'n **brandbeskermingsbeampte** beheer oorneem oor die bestryding van 'n brand, hy –

- beheer kan oorneem van enige persoon wat tot met sy aankoms die bestryding van die brand beheer het;
- enige persoon wat oënskynlik nie jonger as 16 jaar en nie ouer as 60 jaar is nie, kan beveel om hom by te staan.

Artikel 18(4) bepaal dat, in die afwesigheid van 'n brand-bekermingsbeampte, 'n **bosbeampte** –

- beheer kan oorneem oor die bestryding van 'n brand in of binne 10km van enige staatsbos tot uitsluiting van enige ander persoon; en
- enige persoon wat oënskynlik nie jonger as 16 jaar en nie ouer as 60 jaar is nie, kan beveel om hom by te staan.

Artikel 18(5) bepaal dat enige van die persone waarna hierbo verwys is (naamlik enige **eienaar**, enige **persoon**, 'n **brandbeskermings-beampte** of 'n **bosbeampte**), indien hy dit nodig ag vir die beskerming van lewe, eiendom of die omgewing of om te voorkom dat 'n brand versprei of om dit te blus –

- enige grond kan betree;
- bome, gras, oesgewasse of ander plantegroei kan vernietig;
- enige perseel kan betree of kan breek en betree;
- enige persoon kan verhinder om enige perseel te betree;
- enige persoon wat in gevaar verkeer of wat hom in die uitvoering van sy pligte hinder, met geweld van die toneel kan verwyder; en
- enige voertuig of ander ding kan verwyder of gelas dat dit verwyder word.

Artikel 18(6) bepaal dat, wanneer 'n brand oor die grond van 'n brandbeskermingsvereniging versprei of mag versprei, moet die brandbeskermingsbeampte –

- die brandbeskermingsbeampte van die gebied waarheen die brand versprei of mag versprei, in kennis stel;
- alle nodige stappe doen om die brandbestrydingsoperasie te koördineer ooreenkomstig die brandbeheerstrategie wat geld in die gebied.

Ten slotte word dit in hoofstuk 6 bepaal dat –

- die Minister 'n ooreenkoms met enige persoon of persone of 'n brandbeskermingsvereniging kan aangaan om onderlinge bystand te verleen met die bestryding van brande;
- twee of meer brandbeskermingsverenigings 'n ooreenkoms kan aangaan om onderlinge bystand te verleen met die bestryding en blus van brande op die grond van, of wat 'n bedreiging uitmaak vir, hulle onderskeie lede.

Hierdie ooreenkomste kan voorsiening maak vir die betaling van vergoeding vir die bystand gelewer.

In die volgende artikel handel ons met Artikel 34, die vermoede van nalatigheid, asook sekere ander aspekte.

Outeurs : Christo Potgieter, Direkteur, Honey Prokureurs, Kaapstad.
John Smit, Senior Regsadviseur, Mutual & Federal Versekeringsmaatskappy, Kaapstad.

(Hierdie artikel het ten doel om inligting te verskaf en nie regsadvies nie. Vir regsadvies, kontak u regsadviseur)

"Regsaanspreeklikheid en die Boer"

VELDBRANDE

Deel 5 : Artikel 34

Regsaksies voortspruitend uit veldbrande word gebaseer op daardie vertakking van die reg bekend as die deliktereg. Vir 'n grondeienaar (eiser) om skade te verhaal van 'n ander party (verweerder), moet hy bewys dat die verweerder 'n delik gepleeg het. Die elemente van 'n delik is :

1) 'n Handeling ('n doen/daad of 'n late/versuim)
2) Onregmatigheid
3) Skuld (opset of nalatigheid – die bespreking hieronder sal beperk word tot nalatigheid)
4) Kousaliteit
5) Skade

Al die bogemelde elemente moet normaalweg deur 'n eiser bewys word ten einde met 'n regsaksie te slaag. In die saak, **Kruger v Coetzee 1966 (2) (SA) 428 (A)**, het die Appèlhof, by monde van Regter G N Holmes, beslis dat aanspreeklikheid gebaseer op nalatigheid ontstaan indien –

1) 'n redelike man in die posisie van die verweerder -
   - die redelike moontlikheid sou voorsien het dat sy optrede 'n ander persoon kan benadeel en skade veroorsaak; en
   - redelike voorsorgmaatreëls sou getref het om daarteen te waak; en
2) die verweerder nagelaat het om sodanige stappe te neem.

Die verweerder sal van nalatigheid verwyt word as die redelike man, indien hy in dieselfde omstandighede as die verweerder verkeer het, anders as die verweerder sou opgetree het. Vir die eiser om nalatigheid te bewys aan die kant van die verweerder, sal hy derhalwe die bewyslas dra om aan te toon dat die redelike man in die spesifieke omstandighede anders sou gehandel het as die verweerder.

Artikel 34 van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande (No 101 van 1998) skep egter 'n vermoede van nalatigheid deur die bewyslas om te keer. Die artikel bepaal as volg :

1) Indien 'n persoon wat 'n siviele geding aanhangig maak, bewys dat hy 'n verlies gely het as gevolg van 'n veldbrand wat -
   - deur die verweerder veroorsaak is; of
   - begin het op of versprei het van grond wat deur die verweerder besit word,

   word daar vermoed dat die verweerder nalatig was met betrekking tot die veldbrand totdat die teendeel bewys word, tensy die verweerder 'n lid is van 'n brandbeskermingsvereniging in die gebied waar die brand voorgekom het.
2) Die vermoede in sub-artikel (1) stel die klaer nie vry van die bewyslas dat enige daad of versuim deur die verweerder onregmatig was nie.

In effek bepaal die artikel dat wanneer 'n eiser in siviele hofverrigtinge bewys :

- dat hy skade gely het; en
- dat sodanige skade die gevolg was van 'n veldbrand; en
- dat die betrokke veldbrand veroorsaak is deur die verweerder, of begin het op of versprei het van die verweerder se grond;

word dit vermoed dat die verweerder nalatig was met betrekking tot die veldbrand totdat die teendeel bewys word. Die verweerder dra dus die onus om te bewys dat hy nie nalatig was nie (omgekeerde bewyslas). Die eiser sal egter steeds moet bewys dat die verweerder se handeling onregmatig was.

Hierdie vermoede van nalatigheid aan die kant van 'n boer wie in siviele hofverrigtinge aangespreek word, geld slegs indien hy **nie** 'n lid is van 'n brandbeskermingsvereniging in die gebied waar die brand voorgekom het nie. Dit moet egter beklemtoon word dat lidmaatskap van 'n brandbeskermingsvereniging nie beteken dat 'n verweerder nie nalatig bevind kan word nie. 'n Lid van 'n brandbeskermingsvereniging kan wel nalatig bevind word, maar hy sal nie opgesaal word met die onus om te bewys dat hy nie nalatig was nie. Die eiser sal moet bewys dat hy nalatig was en sal natuurlik ook die ander elemente van die delik moet bewys.

Alvorens die vermoede van toepassing is, moet die eiser eers bewys dat sy skade veroorsaak is as gevolg van 'n **veldbrand**. In die saak **Gouda Boerdery BK v Transnet 2005 (5) SA 490 (HHA)**, het 'n brand ontstaan in 'n spoorwegreserwe en van daar versprei na aanliggende eiendom waar dit skade aangerig het. Die eiser het gesteun op die vermoede van nalatigheid. Die Hoogste Hof van Appèl, by monde van Regter D G Scott, het bevind dat, vir die vermoede om te geld, die brand wat begin het op of versprei het van die verweerder se eiendom op daardie stadium 'n **veldbrand** moes wees en nie 'n ander soort vuur nie. Met ander woorde, die vermoede geld nie indien die vuur wat begin op of versprei het van 'n verweerder se eiendom nie 'n veldbrand is op die verweerder se eiendom nie.

Ten einde te bepaal wat 'n veldbrand is moes die Hof eers bepaal wat "veld" is. Na oorweging van vyf gesaghebbende woordeboeke se definisie van die word "veld", asook twee vorige hofuitsprake, het die Hof tot die gevolgtrekking gekom dat 'n spoorwegreserwe nie kwalifiseer as "veld" nie en dat die brand wat daar ontstaan het nie 'n veldbrand was nie. Gevolglik was die verweerder nie getref deur Artikel 34 se vermoede van nalatigheid nie.

Volgens ons, is die effek van hierdie Hofuitspraak dat 'n brand wat ontstaan op 'n plaaswerf, langs 'n gebou (hetsy residensieel of industrieel) of op bewerkte grond (byvoorbeeld aangeplante landerye, boorde, wingerde, ensovoorts), nie 'n veldbrand is vir doeleindes van Artikel 34 nie. Indien 'n brand in sodanige area ontstaan, sal die eienaar daarvan gevolglik nie deur die vermoede van nalatigheid getref word nie.

Die vraag wat gewoonlik ontstaan by 'n boer is : "Hoe kan ek myself beskerm teen potensiële regsaanspreeklikheid weens 'n veldbrand wat op my grond ontstaan of van my grond versprei?" Die meeste versekeringsmaatskappye wat boere verseker, verskaf dekking vir regsaanspreeklikheid wat voortvloei uit veldbrande. Hierdie dekking is normaalweg onderworpe aan die voorwaarde dat die boer moet voldoen aan al die vereistes van die wet.

Sou 'n veldbrand op 'n boer se plaas ontstaan of van daar versprei, is dit belangrik, gesien vanuit die oogpunt van die grondeienaar se versekeraar en ook vanuit 'n regsoogpunt, dat die versekeraar so gou moontlik van die brand verwittig moet word. Sodoende sal dit aan die versekeraar die geleentheid bied om so gou moontlik die omstandighede van die brand te ondersoek.

Versekeraars maak dikwels gebruik van branddeskundiges om die oorsprong van 'n brand te ondersoek en as die oorsprong van die brand bepaal is, gee dit dikwels ook 'n aanduiding van hoe 'n brand begin het. Hoe gouer 'n branddeskundige op 'n brandtoneel kom, hoe makliker is dit vir hom om die oorsprong te bepaal.

Gevolglik is dit ons advies aan enige boer of grondeienaar wie 'n brand op sy grond ondervind, om sy versekeraar so spoedig moontlik daarvan te verwittig. Indien hy nie oor versekeringsdekking vir regsaanspreeklikheid beskik nie, sal dit raadsaam wees om so gou moontlik regsadvies in te win.

Outeurs : Christo Potgieter, Direkteur, Honey Prokureurs, Kaapstad.
John Smit, Senior Regsadviseur, Mutual & Federal Versekeringsmaatskappy, Kaapstad.

(Hierdie artikel het ten doel om inligting te verskaf en nie regsadvies nie. Kontak u regsadviseur vir regsadvies.)